Noodresponsprosedures

Algemene Veiligheidsmaatreëls

1. Alarmstelsel

- ‘n Alarmstelsel dek die voorste deel van die skool, musiekblok en gange vanaf K.9 en K.24 asook die verhoog in die saal.
- Die alarm is vanaf 16:30 tot 7:00 geaktiveer behalwe as ‘n kollega met verlof en ‘n kode na-ure wil werk.

2. Deure

- Die voordeur word altyd toegehou.
- Die deur naby die prefekkamer word soggens en na elke pouse deur die prefekte toegemaak en gesluit.
- Laasgenoemde word weer om 14:15 oopgesluit as die skool uitkom en word weer om 14:30 gesluit.
- Die ysterhek is bedags oop en word ook gesluit as die faktotum die skool verlaat om 16:30.
- Die ysterhekke by die saal en die faktotum se kantoor is bedags oop en word ook om 16:30 gesluit.

3. Hekke

- Daar is elektroniese hekke aangebring op die volgende plekke:
- By die hoofingang:
  - Bly permanent toe.
  - Besoekers gebruik die interkomstelsel om te versoek om skoolgronde te betree
  - Sekretaresses maak van ‘n die interkomstelsel en ‘n videoskerm gebruik om toegang te beheer
- Motoringange voor koshuis
  - Personeel het afstandbeheermeganismes om in-en uitgang te beheer.
  - Ander besoekers maak van die interkom nodig om toegang tot die gronde deur die koshuis te reël
  - Hierdie hekke is van 05:15 oop tot 08:15 om afleweringsvoertuie en ouers wat leerlinge aflaai te akkommodeer.
  - In die middae is die hekke oop tussen 13:30 en 15:00.
  - Die koshuis maak spesiale reëlings met hierdie hekke om bewegings van koshuis-en ander leerlinge te akkommodeer

4. Verdagte Persone

Almal word versoek om enige VREEMDE EN VERDAGTE PERSONE op die skool- en koshuisterrein na die kantoor van die skool en/of koshuis te bring en te rapporteer. Die skoolterrein is nie ‘n kortpad tussen Faure- en Du Toitstraat nie en die roomyskarretjies mag nie op die terrein kom nie.

5. Brand

Die skool beskik oor genoegsame brandblussers wat gereeld nagesien word. Die noodspan moet seker maak dat hulle weet waar die brandblussers aangebring is en hoe dit werk.

6. Brande en Bomdreigemente

6.1 Ontruiming uit klaskamers na VOORKANT van koshuis (Noodversamel-terrein)

A. Alarm

Die bevel om die skool te ontruim sal oor die interkom aangekondig word. Indien die krag af is, sal die handklok deur die skool gestuur word om alarm te maak.

B. Uitgange persone en klaskamers wat dit gebruik

Voordeur Kantoor en Leersentrum

Uitgang 1 Kamers 15, 16, 17, CAT (13), 12, 26, 27, 28, 29

Uitgang 2 Kamers 8, 9, 10, 11, 24, 25, Prefekte

Uitgang 3 Kamers 1, 3, 5, 7, 20, 22, Rek. kamer

Uitgang 4 Kamers 30, 31, 32 & Musiekblok

LET WEL: Kamers 42, 43, 44 & Dramaklas beweeg direk na VOOR koshuis.

C Belangrike inligting

(i) Kennisgewings wat ontruimingsroete aandui is in elke klas bokant of naby die deur aangebring

(ii) Uitgange is duidelik gemerk.

(iii) Indien ‘n roete versper is, moet ‘n alternatiewe naaste een gevolg word

(iv) Sodra alarm gemaak word, neem leerlinge hul tasse en stap vinnig na uitgange.

(v) Skakel alle stowe en elektriese apparaat AF.

(vi) Maak die vensters toe en die personeellid maak die deur toe.

(vii) Onderwyseresse neem naamlyste, punteboeke of registers en vergesel leerlinge na bane. Onderwyseresse wat vry is, help by die uitgange.

(viii) Niemand skree, gil, stamp of druk of veroorsaak paniek nie.

(ix) Almal beweeg langs die mure, SO VINNIG AS MOONTLIK na die VOORKANT van die koshuis.

(x). Elke klas ontmoet hul klasonderwyseres VOOR koshuis en sy kontroleer dat almal daar is. Klasse vorm alfabetiese rye, Gr.12’s regs en Gr.8’s links.

(xi) ALMAL BLY KALM

6.2 Ontruiming uit die saal na VOOR koshuis

Indien ons die saal moet ontruim, gebruik leerlinge die volgende uitgange:

Gr 9’s:
Oor die verhoog en via musiekblok en wit ysterhek, langs musiekblok na VOOR die koshuis.

Gr 8's
Voorste sydeur links van verhoog verby musiekvierkant na VOOR die koshuis.

Gr 12's
Sydeur van saal aan linkerkant as na verhoog kyk verby musiekvierkant van skool na VOOR die koshuis:

Gr 10's en 11's

Agterdeur van saal en voor om skool na VOOR die koshuis:

6.3 Bendes, stakings en wegbly-aksies

In die geval van bg. gebeure sal leerders so gou moontlik in die skoolgebou ingaan en binne bly.

Prefekte, onderwysers of enige ander person op die terrein maak alarm en stel personeel in kennis. Skoolhoof of senior personeellid kontak polisie.

Voorkant van skool
Leerlinge moet so gou moontlik na ingange langs die prefekkamer en die saal beweeg en dadelik na hul registerklasse gaan

Agterkant van skool

Leerlinge moet so gou moontlik na ingange by ysterhek en langs die musiekblok beweeg en dadelik na hul registerklasse gaan.

Langs die saal

Leerlinge moet so gou moontlik na die hek langs die musiekblok beweeg en na hul registerklasse gaan.

Koshuisterrein

Leerlinge moet so gou moontlik na die ysterhek aan die noordekant beweeg en na hul registerklasse gaan

Laaste personeellid of prefek wat deur 'n deur of hek beweeg, sorg dat dit gesluit is.

Lede van die veiligheidskomitee sal seker maak dat alle ingange van die skool gesluit is

Personeel kontroleer dat alle leerlinge in registerklasse is.